higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 4

(8011004)

8 November 2018 (Y-Vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: As jy meer vrae as die vereiste aantal vrae beantwoord, word slegs die vereiste aantal vrae nagesien. Trek 'n duidelik streep deur alle werk wat jy NIE nagesien wil hê nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae in AFDELING A, B en C.
2. Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.
3. Lees AL die vrae aandagtig deur.
4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie eksamenvraestel gebruik is.
5. Los 'n spasie oop en trek 'n streep oor die bladsy sodra jy ELKE vraag voltooi het.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur die woorde, wat in die lys hier onder voorsien word, te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (1.1.1–1.3.2) in jou ANTWOORDBOEK neer.

begeerte; veilig; ondersoek; eerste; uitvoer; bereidwilligheid; tweede; geleentheid; optrede; gedrag; omgewing; onveilig

1.1 'n Deel van die polisie se (1.1.1) ...kode lui soos volg: Ek verbind my tot 'n (1.1.2) ... en geborge (1.1.3) ... vir alle mense in Suid-Afrika. (3)

1.2 Die (1.2.1) ... stap, sodra 'n voorval aangemeld word, is om 'n boodskap per radio vir (1.2.2) ... aan die patrollievoertuig te stuur. (2)

1.3 Die volgende twee faktore moet teenwoordig wees voordat 'n misdaad onder normale omstandighede gepleeg word: Die (1.3.1) ... om 'n misdaad te pleeg en (1.3.2) ... om die misdaad te pleeg. (2)
[7]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

Gee 'n rede indien die antwoord ONWAAR is.

LET WEL:
Om direk uit die vraestel af te skryf, sal nie as rede vir 'n antwoord beskou word nie.

2.1 Die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie (SAMRK) beskik oor die mag om ondersoek in te stel.

2.2 Die inspekteur-generaal vir intelligensie tree as waghond oor die aktiwiteite van die intelligensiediens op.

2.3 Die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (OPOD), wat vantevore as die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD) bekend gestaan het, kan klagtes teen hofamptenare ondersoek.

2.4 Regs- en administratiewe dienste is nie 'n kernfunksie van die SAPD nie.

2.5 Afdeling A van 'n saakdossier bevat al die verklarings.

2.6 Misdade wat deur kinders gepleeg word, word deur 'n spesifieke, aangewese misdaadeenheid ondersoek.

Kopiereg voorbehou

2.7 Die SAMRK moet uit lede van dieselfde kultuur en ras bestaan.

2.8 Gemeenskapspolisiëringsforums sluit lede van ondernemings in die omgewing in.

2.9 Administratiewe personeel word gewoonlik as ondersteunende komponent vir die operasionele afdeling van die polisie aangestel.

2.10 Die openbare beskermer stel ondersoek na skendings van menseregte deur lede van die polisie in.

[15]

VRAAG 3

Kies 'n item uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (3.1–3.8) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Aanmatigend('High-handed')	A	word toegelaat om te gaan
3.2	Jurisdiksie	B	intelligensie
3.3	Begunstiging van jou kinders in 'n onderneming	C	borgtog
3.4	'n Administrasiestelsel	D	nepotisme
3.5	Militêre inligting oor vyande	E	om op 'n baasspelerige manier op te tree
3.6	Operasionele verslag	F	bekendstelling
3.7	Administratiewe verslag	G	tegniese verslag
3.8	Ontslaan	H	gesag in 'n spesifieke gebied
		I	bedeling
		J	ondersoekverslag
		K	menslike hulpbronne

(8 × 1) **[8]**

TOTAAL VIR AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Dui die doel van die ministeriële komitee in die Departement van Veiligheid en Sekuriteit aan. (3)

4.2 Noem VIER tipiese nieklagte-aktiwiteite. (4)

4.3 Noem DRIE vereistes vir inligting oor misdaad. (3)
[10]

VRAAG 5

5.1 Noem die VYF afdelings waaroor die nasionale adjunk-kommissaris vir menslike kapitaal, ontwikkeling, en regs- en finansiële administrasie toesig hou. (5)

5.2 Noem DRIE krygsdienste ('armed services') van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag. (3)

5.3 Dui aan wie 'n klag by die Onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (OPOD), wat vantevore as die Onafhanklike Klagtedirektoraat (OKD) bekend gestaan het, kan indien. (2)
[10]

TOTAAL VIR AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende artikel aandagtig deur en bentwoord die vrae:

OPENBARE BESKERMER MOET ONDERSOEK NA DIE KAAPSE KLOPSE INSTEL

Deur Anél Lewis

Dit is beswaarlik drie maande sedert die Stad Kaapstad 'n 'historiese' ooreenkoms met die Kaapse Klopse onderteken het om te verseker dat die jaarlikse parades glad verloop, maar die gebeurtenis is agtervolg deur omstredenheid – insluitende etlike vertragings, 'n klagte wat by die Openbare Beskermer oor finansiële wanbestuur ingedien gaan word en 'n hofinterdik om onwettige terugoptogte in die Bo-Kaap stop te sit. Die Stad Kaapstad was Maandag oorgehaal om 'n formele klagte oor die Kaapstadse Karnavalvereniging van die Kaapse Klopse se besteding van meer as R40 miljoen se loteryfinansiering sedert 2012 by die kantoor van die Openbare Beskermer in te dien.

Volgens 'n verklaring wat deur die Nasionale Loteryraad uitgereik is, is daar R13,32 miljoen vir karnavalkoste in 2012 en 2013 en R27.32 verlede jaar vir karnavalkoste (R14.32m) en vir die Karnaval-erfenismuseum (R13m) aan die Vereniging van die Kaapse Klopse betaal. Die stad se besluit om om 'n hoëvlakondersoek na die Kaapse Klopse se besteding te vra, is geneem maande nadat hy 'n ooreenkoms met die pas gevormde Kaapse Kultuur- en Karnavalkomitee gesluit het. Hierdie Komitee bestaan uit verteenwoordigers van die Kaapse Klopse, insluitende die Karnavalvereniging van die Kaapse Klopse, en Maleise orkeste en kore. Die stad het meer as R3 miljoen in die 2014/2015-optredes van die Kaapse Klopse belê. Die stad is intussen gedwing om Saterdag om 'n hofinterdik aansoek te doen ten einde 'n terugoptog, wat vir dieselfde dag in die Bo-Kaap beplan is, stop te sit nadat klagtes van inwoners en die Schotschekloofse Burgervereniging ontvang is.

Die optog sou die einde van die jaarlikse kompetisie, wat by die Athlone-stadion gehou is, aandui. Ursula Boutry, 'n inwoner van Houtstraat, het aangedui dat terugoptogte laas week tot in die vroeë ure van die oggend aangehou het. Smith het gesê dat die stad dit oorweeg om ingevolge die Wet op Reëling van Byeenkomste 'n strafregtelike aanklag in te dien op grond van die metropolisie se video-opnames van die 'onwettige straatoptogte'. Garreth Bloor, burgemeesterskomiteelid vir toerisme, funksies en ekonomiese ontwikkeling het gesê: 'As laaste uitweg en om voorkomingsmaatreëls te tref, het die stad om 'n dringende interdik aansoek gedoen om enige onwettige optogte te verhoed.' Volgens hom het die hof beveel dat slegs vyf inwonersgroepe van die Bo-Kaap toegelaat sou word om 'n optog te hou, en die geleentheid moes voor middernag afgehandel word.

Igshaan Higgins, die prokureur wat namens die Kaapse Klopse optree, het gisteraand aangedui dat drie groepe die voorwaardes van die skikking, wat buite die hof bereik is, geskend het deurdat hulle hul optog Saterdag later gehou het as waaroor ooreengekom is. 'As prokureurs het ons aangedui dat ons hierdie spanne sal tug en toepaslike stappe sal doen. Ons is uiters teleurgesteld in hierdie drie spanne en hulle sal die volle gevolge van hul optrede moet dra.' Higgins het voorts gesê dat die Kaapse Klopse die stad se aansoek om 'n hofinterdik vir Saterdag teengestaan het. Maar die groepe het, op die regter se aanbeveling, ingestem om 'n skikking met die stad te probeer bereik. 'Dit was 'n positiewe verwikkeling aangesien dit wys dat ons nie die gesag van 'n hof nodig het om by 'n besluit uit te kom nie.' Hy voer verder aan dat, alhoewel die groepe wou hê dat al die spanne, wat by die Athlone-stadion aan die finale kompetisie deelgeneem het, Saterdag 'n optog moes hou, die kompromie bepaal het dat slegs die tuisspanne van die Bo-Kaap hul trofeë tydens 'n optog deur die gebied kon vertoon.

[Eksaminator se nota: Die verwysing na 'Smith' in paragraaf drie hier bo beteken die burgemeesterskomiteelid, raadsheer JP Smith, wat sedert 2009 vir veiligheid en sekuriteit in die Kaapstadse stadsraad verantwoordelik is.]

[www.iol.co.za, 16 Februarie 2015 om 12:22]

6.1 Dui aan waarom die openbare beskermer die korrekte instelling is om hierdie saak te ondersoek. (2)

6.2 Dui aan na wie anders die openbare beskermer ondersoek kan instel. (3)

6.3 Noem VYF sake waarna die openbare beskermer ondersoek kan instel. (5)

Kopiereg voorbehou

6.4 Bespreek kortliks die openbare beskermer se rol in die daaglikse aktiwiteite van die SAPD en gee 'n praktiese voorbeeld daarvan. (2 + 1) (3)

6.5 Noem die TWEE ander instellings wat demokrasie in polisiëring verstewig. (2)
[15]

VRAAG 7

Lees die volgende scenario's aandagtig deur en beantwoord die vrae:

7.1 Die Maloti-polisiestasie was onlangs in die nuus weens swak dienslewering. Om hul reputasie te red, het die stasiebevelvoerder jou, as eksterne konsultant, gekontak om die Maloti-polisiestasie te help om sy dienslewering te verbeter.

Noem die AGT beginsels wat gebruik kan word om openbare dienslewering te omvorm. (8)

7.2 Jabulani is gearresteer omdat hy 'n inkortingsbevel geskend het. Toe die polisie kom om hom in hegtenis te neem, het hulle hom 'n lasbrief vir sy arres gegee.

Kan 'n persoon sonder 'n lasbrief gearresteer word?

As jy ja geantwoord het, verduidelik onder watter omstandighede dit kan gebeur. (2)

7.3 Katlego is vir kinderontvoering gearresteer. Nadat hy skuldig bevind is, word hy vyf jaar lank tronk toe gestuur.

Noem die VYF funksies van die Departement van Korrektiewe Dienste betreffende Katlego se opsluiting. (5)
[15]

TOTAAL VIR AFDELING C: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in AFDELING D.

VRAAG 8

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Jou vriend is onlangs as die voorsitter van die regspersoon van 'n luukselandgoed in die ooste van Pretoria aangestel. Die misdaad in die landgoed was die afgelope jaar ongelooflik hoog. Jou vriend besluit dat dit die beste benadering sou wees om die polisie by die gemeenskap te betrek ten einde hierdie misdaadstatistiek te verlaag. Hy skeduleer 'n vergadering met die res van die beheerliggaam en nooi jou uit om die vergadering toe te spreek en gemeenskapspolisiëringsforums (GPF's) met hulle te bespreek.

Skryf die voorbereidingsaantekeninge uit wat jy tydens die vergadering sal gebruik om die regspersoon en die huiseienaars van die landgoed oor 'n GPF se funksies en verantwoordelikhede op te voed en in te lig. **[20]**

OF

VRAAG 9

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Jy werk in die SAPD se opleiding-en-ontwikkeling-afdeling. Jy ontvang 'n versoek van die pas aangestelde stasiebevelvoerder van die Lytteltonse polisiestasie om 'n sessie oor verslagskrywing aan hul polisiekwekelinge te kom aanbied.

Ontwikkel 'n drukstuk oor verslagskrywing wat jy aan die kwekelinge kan gee en neem die volgende aspekte daarvoor in aanmerking:

- Die verskillende soorte verslae (7)
- Die inligting wat in verslae vervat word (3)
- Die kenmerke van 'n goeie verslag (5)
- Die formaat van 'n verslag (5)

[20]

TOTAAL VIR AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou